Publication: Potchefstroom Herald
Page: 10
Title: Studente maak Abraham Kriel mooi en sit glimlagte op kindergesigte
Publish Date: 26 October 2023
AVE: 15582.75
Author: WOUTER PIENAAR

Studente maak Abraham Kriel mooi en sit glimlagte op kindergesigte

WOUTER PIENAAR

Die NWU Ondernemingbestuur honneursgroep het vir glimlagte gesorg toe hulle as deel van hul Project Connect-projek, Huis Alpha by die Abraham Kriel Kinderhuis geverf het.

'n Groot span het op 9 en 10 Oktober vir talle opknappings gesorg.

Dit sluit die verf van die sitkamer, eetkamer en gang se mure in, asook die hele huis se deurrame. Verder is daar ook nuwe gordyne in verskeie vertrekke gehang en 'n nuwe boekrak ingesit. Op dekorvlak is daar ook kussings op die banke in die sitkamer en tafeldoeke in die eetkamer aangebring.

Donasies is ontvang om vir elke dogter 'n gebreide 'comfort bear' en haarrekkies (scrunchies) te gee.

Die groep bedank graag vir Veritas Manskoshuis vir hulle hulp (Theo Buys - SJGD HK en Derek van der Merwe - Primarius).

'n Gedeelte van Abraham Kriel wat opgeknap is.

Agter:Tertius Janse van Rensburg (projekspan), Marcel Pretorius (projekspan), Robert Spence (studentevrywilliger), Theo Buys (Veritas HK-lid), Derek van der Merwe (Veritas Manskoshuis Primarius), Neashen Rabie (Veritas SJGD-lid). Voor: Rochelle Botes (projekspan), Tarien Prinsloo (studentevrywilliger), Caty Hanekom (projekspan), Megan Henning (studentevrywilliger) en Bonolo Thutlwane (projekspan).

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.